# Manna & Kwartels

## NUUSBRIEF 2024

Gereformeerde Kerk Windhoek-Suid

Nr 58 • 25-02-2024

***Predikant:***

*Dr. Paul de Bruyn*

*Sel: 081 127 8238*

*E-Pos: pdebruyn007@gmail.com*

***Kerkkantoor:***

*Nolene Coertzen*

*Tel: 244 376 - Sel: 081 435 9187*

*E-Pos: gerefkerk.suid@iway.na*

**VISIE:** Om 'n biddende passievolle gemeente van Jesus Christus te wees wat sonder grense God se Woord en liefde beleef, uitleef en uitdeel.

**MISSIE:** Dat die Gereformeerde Kerk Windhoek-Suid hart, hand en stem van Jesus Christus is.

**Tema 2024** - Februarie

Jesus is die brood wat versadig maak.



"Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee." (Joh. 6:27)

## *VERJAARSDAE*

***Baie geluk aan al ons lidmate wat verjaar. Ons bid julle die seën van die Here toe.***

### ***BELYDENDE LIDMATE***

| | | |
|---|---|---|
| Annarie Viljoen | 26 Februarie | 081 428 1983 |
| Cecile Etserhuizen | 26 Februarie | 081 284 1040 |
| Mario Scheepers | 27 Februarie | 081 237 8471 |
| Magda Gerber | 27 Februarie | 081 284 8518 |
| Shana Labuschagne | 27 Februarie | 081 128 1378 |
| Tinus von Weidtz | 28 Februarie | 081 205 6737 |
| Liesl Robberts | 28 Februarie | 081 129 2046 |
| Beatrix Mulder | 2 Maart | 081 202 0604 |
| Maarten Venter | 2 Maart | 081 128 7530 |
| Elize van Niekerk | 2 Maart | 081 128 7900 |

### ***DOOPLIDMATE***

| | | |
|---|---|---|
| Ruben vd Merwe | 28 Februarie | 081 170 9001 |

### KLANKDIENS

**SONDAG 25/02:** Brian Beuthin

### KOLLEKTE

**SONDAG 25/02**

**Binne:** Ekumenisiteit (Buitelands) - Om skakeling met ander Gereformeerde kerke met wie die GKSA noue bande in die buiteland het, te bevorder.

**Deure:** Bedieningsfonds – Dis 'n fonds wat die kleiner Gereformeerde gemeentes in Namibië finansieel bystaan met sustentasie.

### DIENSBEURT

**SONDAG 25/02:** Wyk 3, 5 en 8

## LIEF EN LEED

- Louis van der Walt was gedurende die week in die hospitaal vir ‘n operasie. Ons is dankbaar dat alles goed verloop het en ons bid hom spoedige herstel toe.
- Baie geluk aan Willem en Marné Jacobs met die geboorte van hulle seuntjie, JW Jacobs. Ons bid hulle as gesin die seën van die Here toe.
- Baie geluk aan Marné du Toit wat gekies is vir die o/21 nasionale netbalspan! Ons bid haar seën toe op hierdie pad waarin sy baie gaan leer en ervaring opdoen.

## KALENDER

**25/02** – Erediens om 09:00 by WHK-Suid

**29/02** – Expando toerusting oor gebed

**01/03** – Diakonie Bring en Braai aksie

**03/03** – Erediens om 09:00 by WHK-Suid




Donderdag 29 Februarie is die laaste webinaar oor gebed. Almal is baie welkom om dit by te woon hier in ons eie kerkgebou om 19H00. Kom gesels, leer en groei saam om sodoende jou gebedslewe te verdiep.

## KENNISGEWINGS

- **Belangrik!!** Windhoek-Suid se selfoonnommer is +264 81 435 9187. Maak asb. seker dat jy die regte nommer het. Indien jy nog nie die **<u>NUUSBRIEF</u>** per WhatsApp’s ontvang nie, kan jy die nommer op jou selfoon stoor en met ‘n WhatsApp vra dat jou nommer ook by die groep gevoeg moet word.
- Indien jy weer na Sondag se preek wil luister, kan jy dit by die volgende skakel doen: https://www.pdebruyn.com/preke
- Baie dankie aan Christo Potgieter en die groot span van lidmate wat op alle maniere moontlik bygedra het tot die sukses van ons Steak-ete. Sonder elkeen van julle se opoffering en tyd sou die aand nooit moontlik gewees het nie.

Dit word opreg waardeer!

## DIAKONIE

**Diakonie Maandelikse Begroting**

Inkomste vir Des. & Jan.: N$ 22 913.00

Uitgawes vir Des. & Jan.: N$ 20 633.71

Wins van N$ 2 279.29

**Projekte waarmee ons besig is:**

- Help 1 bejaarde met huur (2 maande). Totaal: N$ 9 544.00 p/m
- Help 1 bejaarde met mediese onkostes (x2). Totaal: N$3 000.00 p/m
- Bejaarde uitstappie in Desember N$5000.00

**Help asb. die Diakonie sodat ons ook ons behoeftiges kan help!!**

# Dopperjeug




## Katkisasie

Sondag 25 Februarie – LES 5

Sondag 3 Maart – LES 6




## Kinderbediening:

Daar sal vanoggend kinderbediening tydens die erediens plaasvind.

(LES 5 – Die Gelykenis van die Saaier)

## Gemeentekamp!




Net ‘n paar belangrike sake t.o.v. die Gemeentekamp:

1. Kontak vir Danelle (081 781 3086) om die Kampbrief te ontvang waarop die verskillende akkommodasie opsies asook kostes aangedui word.
2. Besprekings moet direk by West Nest lodge gemaak word om die administrasie te vergemaklik (Die kontakbesonderhede word in die brief aangedui).
3. Wanneer die bespreking gemaak word is dit belangrik om te noem dat jy deel vorm van die kerkgroep.
4. **Besprekings moet asseblief voor 26 Februarie gemaak word aangesien die naweek van 22-24 Maart ‘n langnaweek is. Die lodge het reeds baie navrae oor verblyf vir daardie naweek ontvang en wil daarom besprekings na bogenoemde datum oopmaak vir ander.**
5. **Laat weet my asb. ook persoonlik indien julle beplan om die naweek by te woon vir ons eie beplanning. Onthou dagbesoekers is baie welkom!**

Opgewonde kampgroete! Danelle (081 781 3086)







# Die Heilige Gees en ons gebede

- **Die Heilige Gees maak gebed moontlik – Efesiërs 2:17-19 en Titus 3:5**

"Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilig Gees wat die nuwe lewe gee."

Die Heilige Gees is die brug tussen die Almagtige Vader en ons. Hy gee ons toegang tot die krag van God. Die Heilige Gees herinner en leer en werk en getuig oor die sekerheid dat ek kind van God en mede-erfgenaam is van die Ewige Koninkryk, saam met Christus.

As kind van God kan ek in gebed met Hom praat soos aardse kinders met hulle aardse pa's.

- **Die Heilige Gees wek die vrymoedigheid om as sondaar tot Hom te nader in gebed**

Niks kan ons van Christus se liefde skei nie.

Ons mag dus met vrymoedigheid enige tyd tot God in gebed nader. Verder meer het ons die heerlike versekering dat die Heilig Gees vir ons intree as ons nie weet hoe om te bid nie. (vgl. Rom. 8:28)

Die Gees van God deurgrond my hart (omdat Hy in my woon) en ken die wil van God en bring dit by mekaar.

Wat 'n VOORREG!!!

- **Die Heilige Gees vertroos in en deur gebede**

"Mag julle instaat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan en mag julle heeltemal vervul wees met die volheid van God. Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink." (Efesiërs 3:18-20)

Ons is bevoorreg om die Heilige Gees in ons te hê. Daarsonder sou ons nie verstaan nie; sou ons nie kennis hê nie; sou ons nie die behoefte aan gebed hê en sou ons nie kon groei nie.

# Oggenddiens – 09:00

**Dr. Paul de Bruyn**

**<u>Ontmoetingsdiens:</u>**

**Votum** – Lied 159: 1 & 2

**Seën**

**Lofsang:** Lied 464: 1 & 3

**Geloofsbelydenis**

**<u>Verootmoedigingsdiens:</u>**

**Wet:**

**Gebed:**

**Sing:** Psalm 25-1: 2 & 3

**<u>Woorddiens:</u>**

Skriflesing en prediking

**<u>Antwoorddiens:</u>**

**Gebed**

**Liefdegawes**

**Sing:** Lied 421: 1 - 3

**Seën**

**Sing:** Amen

**Teks:** Johannes 10: 1-10

**Teksvers:** Joh. 10: 7

**Tema:** Jesus volgens Johannes: Hy is die ingang tot 'n lewe van oorvloed!

1. **Wat hierdie uitspraak beteken.**

Hierdie metafoor het 'n skaapwagter van destyds in gedagte wat in die ingang van die kraal gaan lê om die skape te beskerm teen al die moontlike gevare.

Jesus is die enigste ingang waardeur ons die beskerming, krag en liefde van God kan ontvang. Jesus is die enigste weg tot die Vader!

2. **Die gevolg van hierdie geloof.**

*Sekuriteit:* Jesus het gekom om ons te genees, om ons lewe te gee en om ons te bevry uit die mag van die duisternis.

*Lewe in oorvloed:* Die mens smag daarna om weer 'n diep en innige verhouding met God te kan hê. Jesus maar hierdie lewe in oorvloed vir ons moontlik!

## <u>BYDRAES:</u>

<u>GKWS BANK BESONDERHEDE:</u>

**Gereformeerde Kerk Windhoek-Suid**
**Bank Windhoek**
**The Grove Lifestyle Tak: 483-871**
**Tjekrekening: 103 539 2601**

<u>DIAKONIE BANKBESONDERHEDE:</u>

**Diakonie van die Gereformeerde Kerk Windhoek-Suid**
**Bank Windhoek**
**The Grove Lifestyle Tak: 483-871**
**Tjekrekening: 103 544 3401**

<u>NAMIBIESE SENDING BANKBESONDERHEDE:</u>

**Namibiese Sending Sentrum**
**Bank Windhoek**
**Kudu Tak: 483-871**
**Tjekrekening: 115 161 4401**

<u>SUSTERSAKSIE BANKBESONDERHEDE</u>**:**

**Sustersaksie van die Gereformeerde Kerk Windhoek-Suid**
**Bank Windhoek**
**Marua MallTak: 483-872**
**Spaarrekening: 2000 398 517**